



DIE MAG VAN BEMOEDIGENDE WOORDE

Praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom (Ef 4:29)

²¹Die tong het mag oor dood en lewe;
dié wat lief is om te praat,
sal die gevolg dra (Spreuke 18:21)

Aangename woorde is.. geneeskragtig (Spreuke 16:24)

⁴Dink ook maar aan skepe: al is hulle baie groot en al is die winde wat hulle aandryf, baie sterk,
word hulle tog met 'n baie klein roertjie gestuur net waarheen die stuurman wil. ⁵So is die tong
ook maar 'n klein liggaamsdeeltjie, en tog het dit groot mag (Jakobus 3:5,6)

WAAROM IS BEMOEDIGENDE WOORDE SO UITERS BELANGRIK ?

- 1 GOD IS 'N GOD VAN BEMOEDIGING
- 2 GOD BEMOEDIG DEUR ONS
- 3 ELKE MENS HET BEMOEDIGING NODIG
- 4 BEMOEDIGENDE WOORDE HELP ANDER
- 5 BEMOEDIGING VAN ANDER VERKWIK ONSSELF OOK

SAAM-PRAAT

1 Waarom het mense bemoediging nodig ?

2 Hoeveel bemoedigende woorde het jy die afgelope week gehoor en ervaar ?

**3 Wat is die verhouding tussen negatiewe woorde (bv van kritiek) en woorde van bemoediging
in jou lewe, as jy dink aan die afgelope week ?**

**4 In watter opsig wil jy aan God meer gehoorsaam wees ten opsigte van die belangrikheid om
ander te bemoedig met woorde ?**

**5 Watter verskil maak die beginsel van Spreuke 11:25 in jou uitleef van bemoediging van
ander ? ("Die wat 'n ander se dors les, is altyd verkwik")**